

**GOD VRA 'N  
OFFERVAARDIGE LEWE**

Paulus skryf oor 3 sake in sy brief aan Rome se gemeente:


- ♦ Die sonde van die mens.
- ♦ Die verlossing uit die sonde.
- ♦ Die dankbaarheid vir die verlossing.

Paulus kom tot die besef van God se genade ten opsigte van die verlossing deur Christus en dit laat hom 'n loflied sing (Rom. 11:33-36). Dan begin hy hoofstuk 12 met "en nou". As jy die verlossing ontvang het dan **kom daar noodwendig iets by ...** 'n lewe van dankbaarheid vir die verlossing. Die verlossing uit die sonde *verplig* jou om 'n godgewyde lewe te voer uit dankbaarheid vir dit wat God alles aan jou gegee het in Christus. Romeine 12 vertel hoe die gelowige met 'n godgewyde lewe moet antwoord op die verlossing wat God gee. Paulus se beroep op die gelowiges is om hulleself tot die uiterste toe in te span om 'n dankbaarheidslewe te lei. So 'n lewe is 'n offerende lewe waarin die eer van God gesien kan word in al jou woorde, dae en gedagtes (Pred.12:13, 1 Kor.10:31, Kol. 3:17, 1 Pet. 4:11). Dit is die dankbaarheidsoffer wat elke gelowige aan God verskuldig is. As jy jou dankbaarheid vir die verlossing altyd in gedagte het is 'n lewe van gehoorsaamheid aan God maklik.

**KRITIEK WAT ONBILLIK  
IS EN BAIE SEER MAAK**

Mense sien die gebeurtenisse in die lewe nie dieselfde nie. Elke mens kyk vanuit 'n ander hoek na die dinge wat gebeur. Elke mens het derhalwe 'n eie manier waarop hy dit wat plaasvind beoordeel. In Matteus 26:6-13 lees ons van die vrou wat in Betanië na die huis van Simon die melaatse gekom het toe Jesus by Simon geëet het. Sy het 'n albaste fles met baie kosbare reukolie gebring en dit op Jesus se kop uitgegooi. Die onmiddellike reaksie van die dissipels was *verontwaardiging* dat sy die kosbare reukolie sommer so, sonder enige seremonie, op Jesus se kop uitgooi. Hulle **kritiseer** haar optrede as verkwisting van duur olie wat verkoop kon word en die geld kon vir die armes gebruik word. Die vrou het egter geoordeel dat Jesus dit werd is om die duur olie oor Hom te gooi. Jesus vermaan die dissipels omdat hulle die vrou so onnadenkend kritiseer en veroordeel. Sy het 'n goeie daad aan Hom verrig. Hulle was te vinnig en te veroordelend met hulle kritiek. Dit lê nie op die weg van die gelowige om ander mense te veroordeel en te kritiseer wat hulle in 'n skoon gewete met geloofsoorgawe doen nie. Elke mens moet eerder oordeel oor die motiewe en redes van sy eie optrede (Matt.7:4). Voor jy ander veroordeel kyk liewers na jou eie lewe en optrede. Woorde van kritiek is goedkoop maar dit kan onherstelbare skade berokken in die lewe van iemand anders.

*de Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 22 Mei 2011

Nommer 14

**HET DIE GELOWIGE 'N VRYE KEUSE?**

[ 'n Belangrike vraag vandag ]

- ▷ Sekere mense gaan van die standpunt uit dat die gelowige gered word omdat die mens self so gekies, en God daarom dien.
- ▷ Dit beteken dat die mens self kies of hy gered wil word of nie. Jy kies of jy God wil volg of jy kies of jy dit nie wil doen nie.

Gewoonlik wil die mense wat so redeneer nie die genade van God en die kruis van Christus loslaat nie. Hulle redeneer dat in jou verlossing *God se genoegsame genade* én jou eie keuse 'n rol speel. Die keuse word aan die mens oorgelaat wie hy wil dien. Daarom kies party mense die duisternis bo die lig. Die mens kies *self* of hy verlos wil word of nie.

Hierdie redenasie bring ons by die slotsom dat God eintlik sit en wag om te kyk wat die mens *kies*. Dit beteken dat God se hande gebind is om jou te red as jy nie self die keuse vir jou redding gedoen het nie. Dit beteken dat j<sup>ou</sup> besluit die finale rol speel in jou redding en ewige saligheid en nie die besluit en wil van God nie.

- As dit kom by die keuse van die mens sal geen mens uit homself 'n keuse maak om deur God gered te word nie. Vanweë die boosheid in hom is die mens nie in staat tot 'n goeie besluit nie.
- Elke mens is in sonde ontvang en gebore, van nature geneig om God en sy naaste te haat [Kategismus antwoord 5 & 7]. Jou keuse sal dus in hierdie waarheid gegrond wees elke keer as jy 'n beslissing moet maak. Jy kan nie in jouself kies wat reg is nie.
- Die *mens se wil* is dus nie *vry* nie. Omdat hy 'n slaaf van die sonde is kies hy konsekwent *verkeerd*. Altyd vir Satan en teen God.

Die mens se keuse is altyd vir die sonde en teen God. Die keuse wat die mens maak ten goede kom alleen van God af. God stel hom daartoe in staat.

(Vervolg op bladsy 7)



## PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



### Oggenddiens Tema: **GEOPENDE (GELOOFS-)OË**

**Lees:** Johannes 9:1-12; 35-41 & Hebreërs 11:1-2; 12:1-3

**Teks:** Johannes 9:39

Hierdie gedeelte(s) gaan oor fisiese blindheid wat genees word, maar Jesus wil dit wat Hy doen vergelyk met geestelike blindheid en die vermoë om 'geestelik te kan sien'. Jesus sê self: *"Ek het na hierdie wêreld toe gekom ... sodat dié wat nie sien nie, kan sien ..."*. Hierdie gedeeltes leer: Jesus het na die wêreld toe gekom sodat die wat sien, kan blind word, menende dat die wat in hoogmoed meen dat hulle alles kan sien, blind gemaak kan word. Ons "sien" uit na Nagmaal. Ons vier Nagmaal omdat ons wat blind was vanweë ons sonde, kan insien en verstaan dat Jesus Christus, wat aan die kruishout vasgespyker is, dit in ons plek gedoen het om ons sonde op Hom te neem. Ons vier Nagmaal om met dankbaarheid in ons harte te getuig van dit wat ons deur die geloof weet en insien, want ons geloof stel ons in staat om in die teken van die brood en die wyn die gebreekte liggaam en vergote bloed van Jesus Christus te kan 'sien'. Mag ons Nagmaalsviering jou geloof en jou hoop en jou 'uitsig' op die ewige feesmaal versterk.



### Aanddiens Tema: **GOD SE REG**

**Lees:** Johannes 3: 16 – 21

Sondag 4

**Teks:** Johannes 3: 16, 17

Ons hoor in Sondag 4 iets van 'n protesterende mens. So tipies van die mens! Hierdie Sondagsafdeling laat egter die klem baie duidelik val op die reg van God. God se reg is onveranderlik. Dit wat Hy in die paradys geëis het, dit geld onveranderd in die Nuwe Testament en dit geld tot by die wederkoms. As God nie sy reg gehandhaaf het nie, dan was daar geen verlossing moontlik gewees nie. Wat doen God? Eerder as om die mens te straf vir sy sonde en ongehoorsaamheid, straf Hy sy Seun en stort Hy sy grimmigheid soos 'n vuur oor Jesus Christus uit. Golgota was die plek waar God gerig gehou het oor die sonde van die ganse menslike geslag. Daar het God sy reg gehandhaaf, al was dit aan sy eie Seun wat aan die kruishout gehand het.

Nêrens is dit nie duideliker as by die kruis nie. Die mense kies uit vrye wil vir Barabbas en Jesus kies die wil van sy Vader om die mense te red van hulle sonde. God red mense teen hulle wil - terwyl hulle nog vyande van Hom was [Rom. 3:23, Rom. 5:6]. Christus sterf nie vir "alle mense", sodat dan net dié wat reg kies verlos word nie. Hy sterf vir die sonde van die wêreld. Genoeg dus vir ál die mense, maar nêr *outomaties* vir al die mense nie.

» *Wie is die mense wat gered word?*

» *Dié mense wat glo!*

» *Maar wat glo hulle?*

- Hulle glo nie dat hulle gered word omdat hulle reg kies nie
- Hulle glo, oorstelp van vreugde en verwondering, dat hulle gered word omdat Góð hulle uitgekies het om gered te word in Jesus.
- Hulle word nie gered omdat hulle glo of reg kies nie.
- God het hulle soos hout uit die vuur geruk en hul sondes vergewe *om Jesus ontwil*, nie omdat hul keuse reg was nie.

Die verlostes kan hierdie glo van hulle *nóóit* as 'n vrye keuse beskryf nie.

God het hulle met die evangelie *om-gepraat*. Hy het hulle ORE *oop-gepraat* met die evangelie, Hy het hulle deur die Gees uit die dood opgewek.

✘ Ons enigste bydrae tot die verlossing is die sonde, en die niksdoen van 'n drenkeling om gered te word.

✘ Dis nie 'n geval van kies of nie kies nie!

Inteendeel, hoe kan iemand wat saam met Christus gesterf en opgestaan het, omdat God daartoe besluit het anders lewe as uit die nuwe lewe in Christus [Rom. 6:2]. Hoe kan iemand wat uit die ewige dood gered is en die ewige lewe ontvang anders as om gehoorsaam te lewe volgens God se wet uit dankbaarheid vir die genade [Ps. 116:12-14].

In die Bybel sê God vir ons wie gered gaan word (Rom.8:29; 1 Pet.1:2). In Efesiërs 1:4 leer God dat Hy gekies het voor die wêreld ontstaan het. In die Bybel leer ons die waarheid dat gelowiges *verkies* word (Rom.8:33; Rom.11:5; Efes.1:11; Kol.3:12; 1 Tess.1:4). Daar is dus *uitverkorenes* (Matt.24:22; Mark.13:20 & 27; Rom.11:7; 2 Tim.2:10). Dit is 'n feit dat gelowiges vooraf bepaal is (Rom.8:29-30; Efes.1:5 & 11). Hulle word deur God uitverkies (Rom.9:11; Rom.11:28; 2 Pet.1:10). God leer ook dat dit die mens se verantwoordelikheid is om Jesus Christus te aanvaar as Saligmaker en Verlosser en dat almal wat in Hom glo gered sal word (Joh.3:16; Rom.10:9-10). Daar is drie dinge: ① God weet wie gered sal word. ② God kies wie gered sal word. ③ Dit is die mens se verantwoordelikheid om Christus te kies en sodoende gered te word. Hoe hierdie 3 aspekte van ons verlossing saamwerk en saamval is bo die begrip en verstaan van die mens (Rom.11:33-36). Ons verantwoordelikheid is om die boodskap soveel as moontlik te hoor en daarop te antwoord met 'n lewe van geloof en bekering.

*Dr. Nico van der Merwe*

## KAMP – GRAAD 10, 11, 12

Mootkamp: Groei kamp, leer kamp, speel kamp.

In die woorde van 'n vorige kamper Pierre Venter: "*Dit was onbeskryflik lekker gewees. Mens het nuwe vriende daar gemaak en saam met almal daar in jou geloof gegroei. Dit was die beste kamp nog ooit gewees. Die gees is net AWESOME en die mense is ook net so AWESOME as jy eers die ys gebreuk het. Dis 'n kamp wat mens nie moet mis nie.*"

Mootkamp vir Graad 10, 11 en 12 skoliere van enige plek in die land!

Tema: Dors (Ons gaan God deur die boek Fillipense op kreatiewe wyse beter leer ken)

Doel: Saam speel, leer en groei

Wanneer: 1-8 Julie 2011

Inskrywings vind via die webtuiste plaas. Nog info by

[www.mootkamp.co.za](http://www.mootkamp.co.za) kampterrein [www.kadeshbarnea.co.za](http://www.kadeshbarnea.co.za)

Griffel van Wyk, Thomas Dreyer, Paul Grobler, Rico Smith, Willem Steyn.



## GESAMENTLIKE MIDDAGETE

Soos gebruik kom die gemeente vanoggend na die erediens en Nagmaal byeen vir 'n gesamentlike bring-en-braai onder die afdakke vanaf 12:00. Vuur sal voorsien word. Almal bring eie vleis, 'n slaai (vir 'n gesamentlike opskeptafel), eie drinkgoed, eetgerei en stoele. Kom kuier lekker saam.



## **BYBELSTUDIE**

|                                |                 |
|--------------------------------|-----------------|
| <b>1. WOENSDAG 25 MEI 2011</b> |                 |
| 10:00 – 11:00                  | In die pastorie |
| <b>2. SONDAG 29 MEI 2011</b>   |                 |
| 19:00 – 20:00                  | In konsistorie  |



## PERSONALIA

- Dit is met hartseer dat ons bekendmaak dat sr. Vicky Scheepers die afgelope Maandagnag oorlede is. Die begrafnis was reeds die afgelope Vrydag gewees. Ons bid br. Hendrik en die familie baie troos toe en bid dat God hulle sal versterk in hierdie dae.
- Voorbidding word gevra vir br. Koos Roodt wat baie ernstig siek is en tans in Johannesburg by sy kinders is.
- Sr. Annie Engelbrecht het die afgelope week 'n operasie in Wilmed ondergaan en ons bid haar beterskap toe en dat daar vrug mag wees op die behandeling.
- Sr. Arenda Putter ondergaan eerskomende Vrydag, 27 Mei, 'n skoueroperasie. Sterkte toegebied!
- Hartlike gelukwense aan sr. Leandrie Steenkamp, wat op 19 Mei haar Meestersgraad in Biochemie ontvang het. 'n Handdruk ook aan haar man, br. Kobus Steenkamp (jnr.) en hulle seuntjie, Gunther. Die gemeente is saam met julle bly en dankbaar dat die Here jou studie met sukses bekroon het.
- Hartlik geluk aan br. Callie en sr. Mandie de Bruyn met die geboorte van 'n babadogtertjie op 17 Mei 2011. 'n Handdruk van gelukwensing ook aan die grootouers, br. Gerhard en sr. Rina de Bruyn. Mag sy baie vreugde in julle lewens bring.



## **LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**

**Sondag 22 Mei 2011**

| Oggenddiens 09:30 |                 |         | Aanddiens 18:00    |         |
|-------------------|-----------------|---------|--------------------|---------|
|                   | Lied            | Bladsy  | Lied               | Bladsy  |
| 1.                | Psalm 111:1 - 4 | Bl. 555 | Psalm 147:1 & 2    | Bl. 705 |
| 2.                | Psalm 119:7     | Bl. 587 | Psalm 25:2         | Bl. 115 |
| 3.                | Psalm 23:1 - 3  | Bl. 107 | Psalm 38:1, 15, 17 | Bl. 189 |
| 4.                | Psalm 116       | Bl. 569 |                    |         |
| 5.                | Psalm 145       | Bl. 696 |                    |         |
| 6.                | Psalm 68:9      | Bl. 334 |                    |         |



**ELEKTRONIESE NUUSBRIEF**

Dit word in die vooruitsig gestel om weekliks (Woensdae) 'n elektroniese nuusbrieff uit te stuur via epos. Hierdie nuusbrieff sal aanvullend tot die Simbaal die doel dien om kommunikasie in die gemeente verder te bevorder. Die formaat sal behels dat dit 'n kort dagstukkie sal bevat asook afkondigings oor gemeente-aktiwiteite en sake binne die kerkverband. Dit gebeur dikwels dat daar tussen Sondae (en deur die verloop van die week) ander sake bekend raak waarvoor inligting deurgegee moet word, en vir hierdie doel kan so 'n nuusbrieff van groot waarde wees. Diegene wie se epos-adres reeds op die gemeenterekords is, sal outomaties op die poslys geplaas word. Indien jou epos adres nog nie op ons gemeenterekords is nie (of indien jy onseker is of dit op die gemeenterekords is), kan jy 'n blanko epos stuur aan [info@gkklerksdorpnoord.co.za](mailto:info@gkklerksdorpnoord.co.za) met die volgende in die onderwerpveld: Inteken + jou naam. Die eerste van hierdie nuusbriewe sal uitgestuur vanaf eerskomende Woensdag 25 Mei, en sal elke Woensdag verskyn, met die uitsondering van skoolvakansiedae en ander Woensdae waartydens dr Sarel op verlof is.

**JEUGKOMMISSIE**

Die lede van die Jeugkommissie word versoek om vanoggend na die Nagmaaldiens voor die preekstoel bymekaar te kom om vinnig 'n reëling te tref vir 'n eerste vergadering. Die lede van die Jeugkommissie, soos deur die kerkraad aangewys, is: Dr Sarel, Driaan Venter, Carlo Wright, Carel & Minette Lubbe, Rina Oosthuizen en Lientjie Smit.

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEP ONTVANG**

- Ds. LAS Nel van Elandskraal na Wolmaransstad.

**BEROEP AANVAAR**

Ds. AF Berg van Bothaville na Pongola.

**KOLLEKTES**

| Datum         | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---------------|----------------|----------------------|
| 22 Mei 2011   | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |
| 29 Mei 2011   | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |
| 5 Junie 2011  | Barmhartigheid | Teologiese Studente  |
| 12 Junie 2011 | Barmhartigheid | Emeritaatsfonds      |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 22 Mei tot Saterdag 28 Mei 2011

|                      |                      |             |
|----------------------|----------------------|-------------|
| Sondag 22 Mei 2011   | Oggenddiens/ Nagmaal | 09:30-11:00 |
| Sondag 22 Mei 2011   | Bring-en-braai       | 12:00       |
| Sondag 22 Mei 2011   | Erediens             | 18:00-19:00 |
| Dinsdag 24 Mei 2011  | Vergadering Diakens  | 18:00       |
| Woensdag 25 Mei 2011 | Bybelstudie          | 10:00-11:00 |

**TEESKINKBEURTE**

|                      |                         |
|----------------------|-------------------------|
| Sondag 22 Mei 2011   | Geen teeskink – Nagmaal |
| Sondag 29 Mei 2011   | Wyke 11 & 12            |
| Sondag 5 Junie 2011  | Wyke 13 & 15            |
| Sondag 12 Junie 2011 | Wyke 16 & 17            |

**VERJAARSDAE**

Verskoning aan Colleen van Aswegen wie se verjaardag in 'n vorige uitgawe uitgelaat is. Sy verjaar op 8 Mei saam met ma Marietjie. Baie geluk!

|        |                   |        |              |
|--------|-------------------|--------|--------------|
| 23 Mei | Jonela Jansen     | Wyk 9  | 082-324-7544 |
| 26 Mei | Hennie Oosthuizen | Wyk 10 | 082-901-4086 |

Van harte geluk met u verjaarsdag. Die seën van God en sy bewaring word julle toegewens.

- Christus was die enigste rabbi wat nie teen vroue gediskrimineer het nie (Grace Eneme).
- Ons vriende is daardie mense wat vra hoe dit met ons gaan, en dan sowaar luister wat ons antwoord (Ed Cunningham).
- Dit is nooit te laat om van jou vooroordele ontslae te raak nie (Henry Dawid Thorean).

•